8. God het alles gemaak

Skepping, sondeval en verlossing 1

Doelwit
Dat die kleuters sal ontdek dat God die enigste Skepper van alles is.

Bybelgedeelte
Genesis 1:1-2:4a

Kerngedagte
God het alles gemaak.

Kernvers
Genesis 1:1 'In die begin het God die hemel en die aarde geskep.'

Voorbereiding

Voorbereiding en hulpmiddels vir Grootroepbediening (GGB)

(In groter gemeentes met meer kinders kan die grootte van onderstaande aansteek/ mageneetborde en plakkate dubbel so groot wees.)

- Stuk klei
- Aansteek- of magneetbord groot genoeg vir twee A3-blaaie
- *Prestik* (vir aansteekbord) of magnete (vir mageneetbord)
- Plakkaat 1: Swart A3-blaai (wat donker voorstel) en wit A4-blaai wat later op een helfte daarvan geplak word (wat lig voorstel)
- Prente van son, maan en sterre om op plakkaat 1 aangebring te word
- Plakkaat 2: Wit A3-blaai, halwe ligblou A3-blaai in sy lengte wat later in boonste helfte van wit A3-blaai opgeplak word (lug), halwe seegroen A3-blaai in sy lengte wat later in onderste helfte van wit A3-blaai opgeplak word (see) en halwe bruin A4-blaai (A5 -blaai) wat regs onder aan die seegroen see só geplak sal word dat dit 'n halwe gedeelte van die seegroen see bedek (aarde)
- Uitgesnyde wolke uit donkerblou karton om op plakkaat 2 aangebring te word

Notas

8. God het alles gemaak

- Prente van voëls en visse om op plakkaat 2 aangebring te word
- Grassies, takkies en blommetjies om op plakkaat 2 aangebring te word
- Prente van huisdiere asook mak en wilde diere om op plakkaat 2 aangebring te word
- Mansfiguur sonder klere agter bosse/ dier om op 'n plakkaat 2 aangebring te word (Sien Hulpmiddelboek)

Voorbereiding en hulpmiddels vir Kleingroepbediening (KGB)

- Berei gekookte, gekleurde, gegeurde klei sodat elke kleuter 'n balletjie so groot soos 'n gholfballetjie kry. Die volgende gekookte speelkleiresep kan gebruik word (Hoeveelhede van resep kan wissel na gelang van hoeveelheid kleuters by kleuterkerk). Bestanddele: 2 koppies meel, 2 koppies koue water, ½ koppie sout, 15 ml olie, 15 ml kremetart, ½ teelepel voedselkleursel en ½ teelepel voedselgeursel. Metode: Meng alles goed saam in 'n swaarboomkastrol, roer oor medium hitte en kook deeglik totdat dit 'n bal vorm, laat afkoel en knie goed, maak daaruit die nodige hoeveelheid kleiballetjies en bêre in 'n lugdigte houer om dit so in die kleingroep vir elke kleuter te gee. Nadat kleuters hulle aktiwiteit daarmee gedoen het, kan hulle dit tuis of net neersit om uiteindelik hard te word of oornag in 'n koel oond te laat uitdroog.
- 'n Polistireenbordjie of stukkie stewige karton met sy naam daarop
- Sade van bome of groente in aparte bakkies om as versiering in deeg te druk vir elke kleingroep

Ontvangs

ONTVANGS

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

ONTSPANNE SPEL

Kleuters kan legkaarte van diere of voëls bou, met boublokke en plastiekdiere speel en deur boekies oor die natuur blaai.

OPRUIMTYD

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

Notas

Grootgroepbediening (GGB)

OPENING MET GEBED, VERWELKOMING EN VERJAARSDAGWENSE

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

SANG

Twee of drie kort liedjies wat die kleuters ken en lekker kan saamsing, kan nou gesing word.

'n Lied wat by die boodskap aansluit, kan ten slotte gesing word, bv *My God is so groot* (CD: Jan de Wet en die Lofkleuters, My eerste Lofliedjies, snit 7).

BOODSKAP

Agtergrondinligting
Geen.

Inleiding
As ek vir jou klei of deeg of nat sand gee, sal jy iets daarvan kan maak? ... (Demonstreer dit ook self.)

Vandag gaan ons uit die Bybel leer Wie alles gemaak het, soos die blommetjies, goggas, bye ... en ook wat die beste was van alles wat gemaak is.

Spanningslyn
In die Bybel lees ons dat voordat daar enige iets op die aarde was, alles donker en deurmekaar was (Gen 1:2). Maak julle oë met altwee hande toe ... Net so donker was dit. (Sit swart plakkaat 1 teen bord, nog sonder wit A4-blaai). Haal nou maar julle hande van julle oë af, maak julle oë weer oop en kyk weer vir my. Hierdie swart papier wys hoe donker dit was (Wys na swart plakkaat 1). Niks kon op hierdie donker en deurmekaar aarde bly nie.

God het toe lig gemaak. (Sit wit A4-blaai aan linkerkant van swart A3 -blaai.) God het die lig (Wys na die wit A4-blaai) 'dag' genoem en die donker (Wys na die orige swart gedeelte van die A3-blaai) 'nag' genoem. Ja, *God het dag en nag gemaak*! (Gen 1:3-5)

God het ook iets gemaak wat in die dag en die nag kon skyn. Hy het die blink son gemaak om in die dag te skyn (Sit die son op die wit gedeelte van plakkaat 1) *en die maan en sterre* om in die nag te skyn (Sit die maan en sterre op die swart gedeelte van plakkaat 1). Wie

Notas

van julle het die sterre al probeer tel? ... O, daar's darem baie sterre, né? (Verwyder plakkaat 1.) (Gen 1:14-19)

God het nog iets gemaak (Sit plakkaat 2 teen bord). *Hy het die hemel met die wolke dáár bo gemaak* (Sit ligblou papier op boonste gedeelte van plakkaat 2 se wit A3-blaai as die hemel en sit donkerblou wolke daarop) ... *en die see hier onder gemaak* (Sit seegroen papier op onderste gedeelte van plakkaat 2 se wit A3-blaai as see). Is God nie wonderlik dat Hy sulke groot dinge kon *maak* nie? ... *Ja, God het ook die wolke en die see gemaak*. (Gen 1:6-8)

God het ook iets gemaak wat in die hemel (Wys na ligblou gedeelte vir die lug met donkerblou wolke op plakkaat 2) *en in die see* (Wys na seegroen gedeelte vir die see op plakkaat 2) kon *lewe*. *God het voëls gemaak* wat onder die wolke kan vlieg (Plaas prente van voëls op blou gedeelte onder wolke van plakkaat 2). Van watter voël hou jy die meeste? ... *En Hy het visse en seediere gemaak om in die seewater te swem* (Plaas prente van visse op seegroen gedeelte van plakkaat 2). Wie van julle het al visse by die see gesien? ... *God het dit alles gemaak*. Nou was daar iets wat in die hemel (Wys na voëls in ligblou gedeelte van plakkaat 2) en in die seewater (Wys na visse en seegroen gedeelte van plakkaat 2) gelewe het. (Los plakkaat 2 nog op bord.) (Gen 1:20-23)

God het nog iets gemaak. Toe Hy die see gemaak het (Wys weer na onderste seegroen gedeelte van plakkaat 2), was daar nog grond in die seewater. Wat noem 'n mens grond wat met water gemeng is? ... Ja, modder. Nou ja, *God het toe* die grond in die seewater uit die see uitgehaal, eenkant gesit en só die *droë grond gemaak* (Sit halwe bruin A4-blaai aan regterkant van see op onderste, seegroen gedeelte van plakkaat 2). God het hierdie droë grond 'aarde' genoem. Hy het die bruin, droë grond, die aarde, toe nog mooier gemaak. *Hy maak toe groen gras, plante, bome en mooi blommetjies* om op die aarde te groei (Plaas grassies, takkies en blommetjies op bruin gedeelte van plakkaat.) Sjoe, dit was seker vir Hom mooi, né? (Gen 1:9-13)

(Sit volledige plakkaat 1 weer êrens links van of bokant plakkaat 2 op. Wys na albei plakkate en vra dan weer vir hulle:) *En dink julle God was nou klaar met alles wat Hy wou maak*? ... Nee, *Hy't nou klaar iets gemaak* wat in die hemel (Wys na voëls in ligblou gedeelte van plakkaat 2) en in die see (Wys na visse in seegroen gedeelte van plakkaat 2) kon lewe. Hy w*ou nou ook iets maak wat op die aarde kon lewe* (Wys na bruin gedeelte van plakkaat 2). Wat dink julle was dit? ... Ja, diere om hier op die aarde tussen die grassies, plante, bome en blommetjies te lewe (Wys weer na bruin gedeelte van plakkaat 2 met die grassies, takkies en blommetjies en plaas prente van diere daartussen). Van watter diere hou jy die meeste? ... *Só het God dan ook die-*

Notas

re gemaak om hier op die aarde te lewe. (Gen 1:24-25)

Klimaks
Maar daar was nog één baie belangrike ding wat God wou maak, weer 'n ding wat op die aarde kon lewe. (Wys weer na bruin gedeelte van plakkaat 2 met alles wat reeds daarop is). Nee, dit was nie net belangrik nie ... *Dit was die belangrikste van alles wat God wou maak.* Ek wonder wie van julle kan raai wat dit was? ... Ja, die mens! (Plaas mansfiguur sonder klere agter bosse/ dier op plakkaat 2.) *God het die mens heel laaste van alles gemaak*, want Hy het die beste vir laaste gebêre. (Gen 1:26-31)

Afsluiting
God was nou klaar met alles wat Hy wou gemaak het. Ons leer uit die Bybel dat dit alles vir Hom so mooi was. (Lees gerus Gen 1:31 en lees 'baie mooi' in plaas van 'baie goed', soos deur die Duitse teoloog Claus Westemann voorgestel): 'Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was *baie mooi*.') *Maatjies, julle kan dink hoe opgewonde God nou was oor alles wat Hy so mooi gemaak het*! (Gen 1:31)

Finale toepassing
Ons moet onthou dat God alles gemaak het. Wat het Hy nou weer alles gemaak? (Wys weer na plakkate en kleuters benoem.) *Van alles wat God gemaak het*, waarvan het jy die meeste gehou? ... En waarvan het God die meeste gehou? Is dit nie wonderlik om te weet dat al die mense vir God baie spesiaal is nie? Ook jy is vir God spesiaal.

Sang
Die lied net voor die aanvang van die boodskap en wat by die boodskap aangesluit het, kan nou weer gesing word.

Kleingroepbediening (KGB)

LEWENSDELING

Die teenwoordigheidsregister is met die Ontvangs klaar op 'n kreatiewe manier afgehandel. Kleuters kan vertel van iets uit die natuur wat vir hulle mooi is.

HERSIENING

- Kan jy onthou wat God alles gemaak het? Kom ons sê vir 'n maatjie van een ding wat God gemaak het. (Verskeie pare kry afsonderlik 'n kans om te sê.)
- En wat was die beste van alles wat God gemaak het?

Notas

8. God het alles gemaak

AKTIWITEIT

- Elkeen kry ‘n balletjie gekookte, gekleurde, gegeurde deeg.
- Elkeen kry ‘n stukkie polistireen of karton vir ‘n bordjie om op te werk.
- Plaas in elke kleingroep sade in aparte bakkies binne bereik van almal.
- Elkeen bou met die deeg iets op die polistireen- of kartonbasis. Moedig hulle aan om iets te maak waarvan hulle vandag gehoor het. Jy kan iets soos volg sê: ‘Jy kan nou ‘n kleiprentjie van die deeg op jou bordjie maak. Maar vertel eers vir jou maatjies watter kleur jou deegballetjie is ... Jy kan die deegballetjie ook eers lekker voel ... En wil jy nie ook ruik hoe lekker dit ruik nie? ... Druk nou die sade wat God gemaak het op die deeg om jou kleiprentjie mooi te maak.’
- Kleuters neem bg artikel huis toe om vir hulle ouers/ voogde te gaan wys en daaroor te gesels.

GEBED

Jesus, dankie vir álles wat U gemaak het ... en dat U ook vir my so wonderlik gemaak het.

VERVERSINGS

Miskien kan elke kleuter ‘n dierekoekie kry.

Notas